

**Die heilige God roep in liefde sy kind terug**

Iemand roep sy kind: Calvyn, kom hier! Jy dink onwillekeurig aan die Kerkhervormer, Calvyn. Jy dink ook na oor wie God is en wat Hy deur Calvyn gedoen het.

So was dit ook met die kinders van Hosea. As hulle op straat gespeel het en die kinders roep hulle op hulle name, naamlik Jisreël, Lo Rugama en Lo Ammi, het die volk onmiddellik aan die Here gedink, oor wie Hy is en wat Hy doen.

Wie is die Here? Hy is die heilige God. Hy wil dat jy Hom alleen aanbid en gehoorsaam, Hom alleen moet liefhê en dien. Hy is 'n jaloerse God. Hy duld nie gedeelde liefde nie.

Die volk moet besef: om ander gode te aanbid het bepaalde konsekwensies. Die verhouding tussen hulle en God kom in gedrang (vers 1). Hulle is nie meer sy volk nie (Lo Ammi). Hy gaan sy liefde en sy versorging van hulle terugtrek (verse 2 en 3). Hy gaan Hom nie meer oor hulle ontferm nie (Lo Rugama). Hy gaan hulle koningshuis vernietig (verse 10 en 11). Hulle gaan in ballingskap weggevoer word (Jisreël; 2 Kon 9).

Die Here is egter ook 'n genadige God. Ondanks die mens se ontrou bly Hy getrou. Hy bly steeds die liefdevolle en soekende God. Hy stuur drie kinders met snaakse name. Hulle is drie wandelende preke om die volk na Hom terug te roep. So roep God ons vandag nog deur sy Woord: My kind, jy moet My alleen dien.

Sing: Psalm 2:6

Ds CS Grobler (Stellenbosch)